

Ena Jansen

Ena Jansen is hoogleraar Suid-Afrikaanse letterkunde aan die Universiteit van Amsterdam en doseer Moderne Nederlandse letterkunde aan die Vrije Universiteit van Amsterdam. Sy het in 1992 aan die Universiteit van die Witwatersrand gepromoveer op die Amsterdamse bundels van Elisabeth Eybers en is *professorial research fellow* van die Universiteit van Witwatersrand, Johannesburg.

“tintelend oningekring”:

Elisabeth Eybers

26 Februarie 1915 – 1 Desember 2007

Waar begin jy om die digteres te gedenk wie se oeuvre in 1936 begin het toe sy op 21-jarige leeftyd met *Belydenis in die skemering* gedebuteer het en die eerste vrou geword het om 'n bundel gedigte in Afrikaans te publiseer? Dat sy sewentig jaar lank konsekwent uitstekende gedigte sou bly skryf, is 'n verstommende gegewe. Bowendien is die feit dat sy in 'n ander taalgebied, die Nederlandse, ook so geliefd sou wees en alle belangrike literêre pryse sou kry vir haar gedigte wat steeds in Afrikaans geskryf is, is uniek. Sy laat 'n verstommende oeuvre agter. Presies die helfte van haar lewe het sy in Suid-Afrika gewoon en die ander 46 jaar in Amsterdam: 'n lewe as 'n grensfiguur, maar tog in 'n uitsonderlike balans.

Elisabeth Eybers het dit aangedurf om nie slegs verskille tussen Europa en Suid-Afrika wikkend en wegend te beskryf nie, maar om ook die grens tussen lewe en dood skerp onder oë te sien. Dit sou ons nie geweet het as sy nie sulke goeie gedigte oor hierdie verkenningstogte geskryf het nie. Elisabeth Eybers het die ultieme grens oorgesteek op 1 Desember. Agtien jaar gelede het sy al 'n gedig getitel “1 Desember”, geskryf, een van die baie min eksak gedateerde gedigte in haar oeuvre. Die slotreël is: “Dan hemelse manna: 'n hoëveldse Julienag.” Suid-Afrika het altyd vir haar 'n soort hemel gebly, die vergestaltung van lig en haar jeug; 'n ruimte en stilte waarna sy altyd verlang het en waarna haar gedigte dikwels oopgewaaier het.

'n Begrafnis is één van die talle grenssituaties wat Eybers op haar ironiese, soms selfs makabere wyse onder oë durf sien het. Een van haar beroemdste Suid-Afrikaanse gedigte heet “Wespark”. Die gedig begin só:

Geagte leser, dié geleentheid
bied hom slegs een keer in 'n leeftyd:
geen waglys en geen woningnood
al is die aanvraag nog so groot.

Vir Eybers het die *geleentheid van 'n leeftyd*, haar eie begrafnis, op 6 Desember 2007 aangebreek. Hoe skerp en ironies het sy nie al vyftig jaar gelede in Johannesburg besef hoe onafwendbaar die dood is nie:

Hier voel die eensames nooit alleen
in die wit broederskap van been,
hier kan die digter sonder skroom
hom blywend toespinn in sy droom.

In 1994 het sy, nadat sy toe al meer as dertig jaar lank in Amsterdam gewoon het en self byna tagtig jaar oud was, wéér 'n begrafnis-gedig geskryf.

Vreemd

Hoeveel kere het ek nie met jou,
mede-toeskouer, dit bygewoon:
die stoïsynse vertoon
van georganiseerde rou.

En telkens het ek dan daarná
chauvinisties en plegtig verklaar:
wel, in my geboorteland doen
ons dit beter en onverbloem
dis daar nooit so 'n stywe gedoe
en teen trane bestaan geen taboe.

Elisabeth Eybers was op 6 Desember nie meer 'n mede-toeskouer van 'n vertoon van rou nie, maar die sentrale figuur, dié een gedagvaar om te verdwyn, terwyl ons ander voorlopig nog hier is. Troos bied was nooit een van haar sterk eienskappe nie, daarvoor soek sy te meedoënloos na die kern, hou sy geen illusie in stand nie en sien sy elke stekelrigheid en mankement skerp onder oë. Van die mees troostende reëls in haar oeuvre is tog in die slot van "Vreemd" te vind:

op een of ander manier [sal]
wat ooit heel was nooit [...] vergaan ...

Laat ons loof wat ons nie kan verstaan.

Hoe ouer Elisabeth Eybers geword het en hoe moeiliker sy die *porseleindun bord* van die lewe vasgehou het, hoe onvermydeliker het die dag van haar eie onherroeplike rus geword, die dag waarop sy van verdere inspanning af mag sien, van houvas ontdaan is, tot 'n akkoord met tekortkoming geraak.

"Donderdagochtend pakt waarskynlik even wat rustiger en vriendelik uit, met een beetje zon. 's Middags volgen weer wind en regenbewolking. Opnieuw word het zacht, rond 11 graden." Dit was die weervoorspelling in *de Volkskrant*

van 4 Desember vir 6 Desember 2007, die dag waarop Elisabeth Eybers om 10 vm in Amsterdam begrawe sou word. 'n Mens het gehoop dat die seremonie sou kon plaasvind sonder dat almal moes probeer skuilgaan onder omdoppende sambrele, soos wat tydens die voorafgaande week in Amsterdam die geval was.

Min digters het die weer so intens dopgehou en beskryf as Elisabeth Eybers. Dink byvoorbeeld aan "Metereologie" uit die bundel *Nuweling* (1994) waarin "'n Smerige hemel en woedende wind" tien dae lank "die stryd aangebind [het] / teen 'n ploeterende mensekind / kwalik in staat om 'n weerwoord te vind." Tog *het* Elisabeth Eybers baie lank 'n weerwoord gevind, soos in sovele van haar gedigte waarin die wispelturige Nederlandse weer haar telkens verbyster het. 'n Willekeurige maar so gepaste voorbeeld hiervan is 'n gedig uit *Einder* (1977) waarin sy 'n buitelandse metaforiese verband lê tussen die willekeur van seisoene en die lengte van 'n menselewe.

Swymelrym

Eers voorjaar in Februarie
nou weer winter in Maart
die tyd slaan bolmakiesie
en kom nie tot verhaal.

So plotseling onbejaard
en duiselig en dwaas
van ruggelingse voortgaan
kan niks ons nog verbaas.

Uit hierdie werweling
tintelend oningekring
hoe sal ons eendag doodgaan
hoe haal ons daardie paal?

Eybers se poësie is só veelkantig en ryk dat jy met telkens weer 'n ander invalshoek 'n nuwe avontuurlike ontmoeting met haar en haar woordwêreld kan beleef. Jy kan op soek gaan na haar vergestaltungen van vroue van alle leeftye, van twyfelaars, moeders en kinders, van geliefdes, van migrante en buitestaanders, jy kan gedigte oor siektes, bome, reise, heimwee, die weer of uitsigte groepeer. Jy kan let op die verhouding tussen Nederland en Suid-Afrika, haar verlange na jeug en ruimte, haar opvattinge oor menslike waardigheid, haar metafore en neologismes, haar dubbelpunte en vraagtekens. Jy kan dink aan die huise waarin sy gewoon het en

aan wat sy vanuit daardie huise waargeneem het, aan haar verkennings van die dood vanuit hierdie posisie. Alles is met alles verweef.

Elisabeth Eybers het haar Van Breestraathuis in Maart 1968 gekoop. In daardie huis betreur sy die dood van 'n geliefde, observeer sy haarself, haar huis, die tuin en die bure, en van ver haar geboorteland. Sy skryf oor die dood van Steve Biko, oor haar mammeptomie-operasie en haar sestigste verjaardag. Sy deel lief en leed met 'n nuwe geliefde wat dikwels by haar op besoek kom. Vanaf die bundel *Onderdak* uit 1968 begin sy "tuiskom" in Amsterdam – "sonder om ooit onloënbaar aan te land". Vir iemand soos sy wat in Suid-Afrika gewoon was aan die luukse van 'n huis wat "teen 'n helling staan / met son omring aan elke kant", met genoeg tuin en ruimte daaromheen sodat jy nie gekonfronteer word met huishoudelike aktiwiteite op die erf van bure nie, was die "buurjongen" wat sy "Klaas-Hannes" genoem het, 'n steen des aanstoots, en juis daarom aanleiding tot 'n klassiek-geworde gedig. Ook 'n niksvermoedende buurvrou is een van die talle onvergeetlike karakters (dink ook aan 'kontoleur de Laar') wat Eybers se gedigte bevolk. Haar gedig 'Roeping' gaan oor daardie buurvrou wat 'n eeue-oue Nederlandse ritueel met uitsonderlike gedreweheid daagliks opgevoer het, maar veral gaan dit oor haarself. "Roeping" is dan ook een van die geestigste persiflages op die taak van 'n digter wat jy jou kan indink.

Roeping

Ritme word ook deur ander nagejaag.
Die vrou byvoorbeeld van 'n paar deure verder
hang al haar bont tapyte om die beurt
soggens om tienuur oor die smal balkon,
sy looi hulle uit met 'n soort rietraket
en ongenooïd trakteeer sy 'n stuk straat
op triomfantelike trommelmaat;
geboeide voetgangers wat daarop let
sien nooit die fynste kriesel vuil verstuiw.
Saans neig die stofsuier vooroor uit sy stand
wanneer haar man – pantoffels en koerant –
uit elke skuilhoek weer opsy moet skuif
voor die volkome geskandeerde suiwer
koelbloedige geïnspireerde ywer.

Die stipte, fantatiese ywer van die buurvrou met haar matteklopper, 'n soort "riet-raket", het die migrant Eybers geïnspireer tot 'n tydlose Amsterdamse bureklag, tot 'n gedig wat weliswaar lawaai van 'n ander notuleer, maar wat tegelykertyd

haar eie “roeping”, ’n ewe gedrewe najaag van rym, ritme en skandering, op die hak neem, parodieer en relativeer.

In 1979 het sy na ’n paar strate suidwaarts verhuis, na ’n breë en soliede gebou met as adres Stadionkade nommer 17. In hierdie “tweekamer-speelruim” - soos wat sy haar ruim woning op die eerste verdieping van die gebou op die hoek met die Minervalaan beskryf in “Stemming” – trek sy haar terug, “ingeslote en vry”.

Hierdie huis was haar onderkome en toevlugsoord tot aan haar dood. Ook hier is sy uitgedaag tot weerwoord. Soms deur die lawaai van ’n knarsende motorfiets op ’n somersaand onder haar raam, soms deur “’n Rinkeling om na die voordeur te kom” en ’n diep dreunende stem wat aankondig: “*Ik ben van de mot- en houtwormverdelging.*” Magere Hein, soos wat die dood in Nederland genoem word, is duidelik te herken in die figuur met “hooggeknoopte swart jas” en “swart slaprandhoed laag oor die oë getrek”. Sy wys hom die deur, bly baas in haar eie huis, maar wonder “Wanneer klink die gerinkel, waar bly die fantoom?”

Van die feit dat ’n definitiewe verhuising weens haar stygende ouderdom onvermydelik was, was sy steeds meer deurdronge. Die moment van vertrek het sy steeds meer in haar gedigte geantisipeer en betrag. Op die dood het sy gewag, bewus van die noodsaak om fisiek én poëties los te laat. Steeds minder het sy haar woning verlaat. Haar gunstelingplek van waarneming was nou van agter die raam (in Afrikaans sê ons “voor die venster”) en sy het talle pragtige gedigte soos “Dooi”, “Geslaagde dag” en “Afskeid” geskryf vanuit hierdie posisie – die ideale plek vir iemand wat so getipeer word deur ’n “uit en tuis” -houding. “Sodra ’k my veilig agter glas bevind / vergeef ek jou”, skryf sy vir die “vyandelike bitter oostewind” en kan sy kyk “hoe saggies dra / [hy] elke aparte ragfyn donsvlok na // die knekelharde grond om saam te smelt / tot één groot wit weerlegging van geweld.” In “Voor my raam” (*Rymdwang*, 1987), ’n pragtige beskrywing van die eerste lentebolplantjies wat jaarliks op die plantsoen langs die kade en op die Minervalaan blom:

Satynwit, borriegeel en poustertblou:
die krokusse is uit, daar staan hulle nou
– kleurgesorteer, klein bendes bymekaar –
geskaar rondom die rommel van ’n jaar.

Telkens weer het sy van agter haar raam na die wolke gekyk, die bome, die voëls. In “Stemming” is “die ruite / beslaan met ’n wolkestolsel”, sy sien die “sintvitusgebare van bome / wat oggend vir oggend verslonsder / ontsnap uit die woekerende nag.” “Geruisloos sypel die sand ...” In “31 Desember 1980” loop die jaar “haperend dood”: Verveeld, neerslagtig en verkoue staan / ek voor die raam. Die kadewal oorkant / krioel van meeu, en hul dwarrelvlug / versplinter ook die pleistergroue lug”. Enkele jare later word hierdie selfde uitsig beskryf in ’n gedig

wat 'n hoogtepunt in haar oeuvre van meer as agthonderd gedigte is: "Uitsig op die kade". Woorde(loosheid) en grens(loosheid) word op 'n verbysterende en ontroerende wyse oorstyg. Die besef dat die dood die laaste sin van die lewe is, dat die mens juis leef om te sterf, word as 'n onvermydelike proses aanwesig gestel. Die dood kan nie "gemaak" of "gestol" word nie: dit sal gebeur. 'n Skynbaar verstrooide, maar hiper-attente waarnemer betrag die tussengebied van die kade voor haar raam aandagtig. Daar is baie land- én watervoëls: "spreeus, ekstere, meeu, eende, kraaie, al / die ywerige dagloners van die wal, / die reier so afgetrokke opgestel". Die voëls word in die gedig voorgestel as vertellers wat die "ek" uitkies as "oor" en as "vertolker" van hulle "taal". Die spreker is "voel-voel" en "versigtig" besig en wil nou slegs deurgeelukkig wees van haar waarneming, 'n passiewe membraan wees in 'n soort osmotiese proses.

Ek mis myself steeds minder. Ek bedoel:
as steeds meer buitedinge my gaan boei
dan sintels van inwendige gevoel
tintel dit of ek selfafstotend groei.

Vermindering neem waarneembaar toe. Ek hoop
om te voldoen aan omgekeerde bloei
en leeg genoeg te loop om vol te loop
met wat vanuit hierbuite binnevloei.

Hoe stip het sy haar omgewing beskou en daaruit telkens weer 'n lewensles, tegelykertyd 'n doodsles gehaal. Na 'n leeftyd waarin sy bome in hulle verskillende seisoensgedaantes noukeurig betrag het, skryf sy in "Horison" uit *Tydverdryf* (1996) hoe futiel dit is om jou lot te probeer ontloop "deur jou oë te wend / na die einder ..." Veel eerder moet jy kyk na die boom vlak voor jou raam wat die les vergestalt wat elke sterweling moet leer:

[...] Jou buurman, die boom wat steeds wieg
om dag na dag rustig te groet, kan nie lieg.

Elisabeth Eybers is begrawe onder hoë bome op Zorgvlied, die mooi begraafplaas 'n kilometer of wat ten ooste van die Stadionkade, geleë aan die wesoewer van die Amstelrivier. Dit dateer uit die ekspansiewe einde van die negentiende eeu en is aangelê deur Jan David Zocher en sy seun Louis Paul. Hulle was ook verantwoordelik vir die aanleg van die Vondelpark, die park naby Elisabeth Eybers se Van Breestraathuis waaroor sy waarskynlik haar beroemdste Amsterdamse gedig geskryf het: "Twee kleuters in die Vondelpark". Nes die Vondelpark is Zorgvlied ontwerp in 'n Engelse landskapstyl: sonder strak geometriese vorme en kortgesnoeide heinings, maar met slingerende paadjies, verspreide boomgroepe, ver-

rassende deurkykplekke en met “eene smaakvolle beplanting, om daarmede het schrikbeeld weg te nemen, hetwelk veler vooroordeel nog aan een stille verblijfplaats der doden hechte”, aldus die Zochers. Elisabeth Eybers was nie bang vir die dood nie. Haar begeerte was om “leeg genoeg te loop om vol te loop met wat vanuit hierbuite binnevloei”, sy wou “grondig vergaan”, “die stilte betrek”, haar blywend toespinnend in ‘n droom. Sy laat meer as 800 gedigte na. Ons wat minder begenadig is in die vind van woorde, weet dat sy daarom nie sal vergaan nie. En daar is ons haar dankbaar voor.

Na die stormagtigheid van November sou Elisabeth Eybers waarskynlik van die weervoorspelling vir Donderdag 6 Desember gehou het: “Donderdagochtend pakt waarskynlik even wat rustiger en vriendelik uit, met een beetje zon.” Dat dit lank so sou bly, sou sy nie geglo het nie. Haar laaste verhuising het, soos voorspel, in sorgvrye weersomstandighede begin, maar met tipiese Nederlandse wispelturigheid omgeslaan terwyl die begrafnissangers na die graf geloop het. Daar was “wind en regenbewolking”, en almal het skuilend onder sambrele na die graf geloop.

Amsterdam, Januarie 2008

Erkenning

Hierdie in memoriam-artikel is ‘n samevoeging van die teks wat ek uitgespreek het tydens Elisabeth Eybers se begrafnisdienst op Zorgvlied, 6 Desember 2007 en van die artikel, “Hoe sal ons eendag doodgaan – Elisabeth Eybers” gepubliseer in *Die Burger* (7 Desember 2007).

Bronnelys

- Eybers, Elisabeth. 2004. *Versamelde gedigte*. Amsterdam: Querido; Kaapstad: Human & Rousseau.
- _____. 2005. *Valreep/ Stirrup-cup*. Amsterdam: Querido; Kaapstad: Human & Rousseau.
- Jansen, Ena. 1998 [1996]. *Afstand en verbintenis: Elisabeth Eybers in Amsterdam*. Pretoria: J. L. van Schaik; Amsterdam: Amsterdam University Press.
- _____. 2007a. Elisabeth Eybers 26 Februarie 1915–1 Desember 2007 [huldeblyk]. http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=29077&cat_id=293 Toegang: 11 Januarie 2008.
- _____. 2007b. Hoe sal ons eendag doodgaan – Elisabeth Eybers. *Die Burger (By)*, 7 Desember 2007, <http://www.dieburger.com/Stories/Features/By/16.0.3420319962.aspx> Toegang: 11 Januarie 2008.